

Onder draai die duiwels

Ons boeke moet ons diep wond

Deur Afrikaans op skool 'maklik' te maak, bewys ons niemand 'n guns nie, sê Willie Burger.

Die afgelope paar weke is heelwat geskryf oor die departement van onderwys se besluit om slegs een boek, naamlik Fanie Viljoen se *Onderwêreld*, vir die matrieks van 2016 voor te skryf. Die besware teen hierdie besluit kan ruweg in twee groepe verdeel word. Aan die een kant is die besware teen 'n oënskynlik outokratiese poging deur die departement om totale beheer oor onderrig uit te oefen en om 'n kurrikulum wat diversiteit behoort toe te laat, ondergrawe. Dit is verstemmend dat juis in hierdie land, met uiteenlopende streke, mense, gelowe en oortuigings, slegs een boek vir almal voorgeskryf word. Voorheen was daar, ter erkenning van die diversiteit, ten minste 'n lysie van voorgeskrewe boeke waaruit skole kon kies.

Aan die ander kant is daar besware teen die keuse van die spesifieke boek - verstaanbare besware, veral as mens in gedagte hou dat *Onderwêreld* in talle skole reeds op gr. 8-vlak met leerlinge behandel is en dat dit deur die Onafhanklike Eksamenraad (IEB) vir gr. 10 voorgeskryf is in Afrikaans as eerste addisionele taal!

Voorgeskrewe boeke het nog altyd tot twisgesprekke gelei. In die 1970's is seker van Herman Charles Bosman se kortverhale as ongewens verklaar en is bundels waarin dié verhale voorgekom het

oor die taalgebruik in *Boesman en Lena* gelei tot die onttrekking daarvan as voorgeskrewe boek in die ou Kaapprovinsie. In verskeie studies is aangedui hoe skoolhandboeke (en voorgeskrewe letterkunde) van vóór 1994 wit meerderwaardigheid bevestig het.

Koerantberigte oor die seleksiekriteria vir voorgeskrewe werke in Engels as huistaal het in April 2001 internasionaal opspraak gemaak en gelei tot 'n petisie wat deur onder andere J.M. Coetzee, Edward Said en Paul Theroux onderteken is. Uiteindelik het die destydse minister van onderwys, Kader Asmal, onder die druk teruggekrabbel.

Nou staan ons oënskynlik al weer by so 'n situasie. Maar hierdie keer is dit 'n (enkele) Afrikaanse voorgeskrewe teks wat ter sprake is.

Eintlik vra die situasie om 'n fundamentele gesprek oor wat letterkunde eintlik is en waarom dit hoegenaamd voorgeskryf word, maar ek wil eers blott 'n vergelyking tref tussen wat my eie gr. 11-seun vanjaar in Engels (huistaal) lees, en die voorgeskrewe boek waarna hy vir volgende jaar in Afrikaans (huistaal) moet uitsien ('n boek wat hy reeds in gr. 8 behandel het). So 'n vergelyking lei tot ernstige vrae oor die standaard van die vak Afrikaans as huistaal. Hy lees vanjaar *Disgrace* van J.M. Coetzee ('n Nobelpryswenner), Shakespeare se *Macbeth*

Hierdie is tekste vir "volwasse" lesers, wat jong volwassenes uitdaag. En in Afrikaans moet hy volgende jaar 'n "jeugroman" lees.

Wat word hiermee gesê? Dat Afrikaanse kinders te onvolwasse is? Dat hulle nie uitgedaag behoort te word nie? Dat hulle nie kennis moet neem van 'n indrukwekkende Afrikaanse letterkunde nie? Die afleiding wat Afrikaanse skoolkinders maak, is dat Afrikaanse letterkunde nie naasienby vergelyk kan word met wat in Engels geskryf word nie, dat Afrikaanse letterkunde eintlik net vir kinders is.

Gevolglik word Afrikaanse kinders skaam vir hul eie letterkunde, en vir hul eie taal.

Geen wonder dat ons by die universiteit ervaar dat talle Afrikaanse regstudeente, wat op eerstejaarsvlak enige taal kan neem, verkies om Engels te neem nie. Terwyl sommige meen dat hulle hul Engels wil verbeter, voer baie van hulle aan, op grond van hul ervaring van voorgeskrewe tekste op skool, dat Engelse letterkunde baie interessanter is. En wie kan hulle kwalik neem as hulle nog nooit kennis gemaak het met André P. Brink, Etienne van Heerden, Etienne Leroux, Elsa Joubert, Marlene van Niekerk of Ingrid Winterbach nie?

Uiteindelik is die groot gevegte vir die behoud van Afrikaans as onderrigtaal verniet as jong Afrikaanssprekendes nie



wat hul eie taal bied om die wêreld op 'n besonderse manier te bedink nie.

Sommige mense mag dalk 'n sinistere komplot hieragter vermoed, dat Afrikaans doelbewus op hierdie wyse as 'n "maklike" vak met 'n minderwaardige letterkunde aangebied word. Maar waarskynliker lê 'n weerstand vanuit Afrikaanse geleerde teen enige uitdagende literêre tekste hieragter.

Talle Afrikaanssprekendes verwag blykbaar van Afrikaanse letterkunde om "stigtelike leesstof" te wees waarin die goeie moet seëvier, sonder enige seks, sonder vrae oor God, sonder kru taal. ('n Mens kan maar net wonder wat die reaksie sou wees indien J.M. Coetzee se *Disgrace* in 'n Afrikaanse vertaling voorgeskryf sou word, met verkragting, seksuele teistering, rassesspanning, en boonop geen eenduidige oplossings of vaspenbare interpretasies nie.)

Die gevolg is dat Afrikaanse kinders as ongesofistikeerde lesers opgevoed word, onblootgestel aan tekste wat werklik uitdaag. 'n Mens dink onwillekeurig aan Franz Kafka wat geskryf het:

"I think we ought to read only the kind of books that wound or stab us. If the book we're reading doesn't wake us up with a blow to the head, what are we reading for? So that it will make us happy, as you write? Good Lord, we would be happy precisely if we had no books, and the kind of books that make us happy are the kind we could write ourselves if we had to. But we need books that affect us like a disaster, that grieve us deeply, like the death of someone we loved more than ourselves, like being banished into forests far from everyone, like a suicide. A book must be the axe for the frozen sea within us. That is my belief."

In vergelyking met die boeke wat in Engels in Suid-Afrika voorgeskryf word, is Afrikaanse voorgeskrewe werk maar arm. Sels in Engels as eerste addisionele taal word 'n roman soos *The Kite Runner* voorgeskryf, wat veel meer om die lyf het as *Onderwêreld*.

Dit gaan egter nie oor *Onderwêreld* alleen nie, maar oor 'n manier van dink oor voorgeskrewe tekste. As ons in Afrikaans nie vergelykbaar stimulerende tekste gaan voorskryf nie, kan 'n mens uiteindelik nie ouers kwalik neem wat dink dit is beter om hul kinders in Engelse skole te sit en dat hulle liefes in Engels moet gaan studeer nie.

■ Prof. Willie Burger is hoof van die de-